**Skriflesing:** Handelinge 2:42-47
**Tema:** Die ABC van gemeentewees.

Ons het die afgelope 2 weke stilgestaan by Petrus se getuienis na die uitstorting van die Heilige Gees. Hy getuig dat God verlos deur Jesus Christus.
Wanneer die mense vra wat hulle moet doen, antwoord hy dat hulle hul moet bekeer, moet laat doop en hulle moet hul laat red tussen sondeverlore mense uit. Hulle sal van God vergifnis van sonde en die Heilige Gees ontvang.
3 000 mense kom tot bekering en meld onmiddelik by die gemeente aan.

Ons lees hier van die eerste Christelike gemeente. Kom ons gaan kyk hoe lyk die gemeente en ons meet onsself elkeen hieraan.
<u>**Tema**</u>**:** Die ABC van gemeentewees.

1. **A**anbid/Gebid
2. **B**ybel
3. **C**hristelike byeenkomste
4. **D**oen van wonders en tekens
5. **E**ensgesind en **E**envoud
6. **F**amilie
7. **G**od geprys, **G**oedgesindheid van die volk geniet en **g**egroei

Ons kan dié ABC saamvat as die 3 pilare waarop ‘n gemeente gebou is. Dit is ‘n lewende verhouding met God, met mekaar en met die wêreld.

Die gemeente staan in ‘n lewende verhouding met God.
**A**anbid/gebid
In talle verse in Handelinge lees ons van die erns wat die vroegste gemeente met gebed gemaak het. In die aanloop tot die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 1:14), het hulle almal eensgesind volhard in gebed. Ons het in Handelinge 2:42 gelees dat hulle saam bid. Voor die vrylating van Petrus en Johannes(Hand 4), het hulle almal saam tot God gebid.
In Handelinge 12 word Petrus bevry uit die tronk en hy is reguit na die huis waar baie gelowiges saam was om vir sy vrylating te bid.

Ek lees die volgende verhaal van ‘n paar jong kollege studente wat lank terug ’n Sondagmiddag in Londen deurgebring het. Hulle wou graag die beroemde Charles Spurgeon hoor preek. Terwyl hulle buite staan, het ’n persoon hulle gegroet en gevra: “Let me show you around. Would you like to see the heating plant of this church?"
Hulle was nie regtig geïnteresseerd nie, want dit was ’n warm somersdag! Maar hulle wou nie graag die man in die gesig vat nie en het ingestem op die “begeleide toer”. Die jongmense is met die trappe afgelei en toe het hulle gids ’n deur oopgemaak en gefluister: “This is our heating plant.”
Verras het die studente 700 mense met geboë hoofde in gebed gesien. Hulle het gebid vir die diens wat binnekort in die kerkgebou sou begin. Saggies het die “gids” die deur toegemaak, sy hand uitgesteek en homself voorgestel aan die jongmense: “Charles Spurgeon.”

**B**ybel
Ons lees in Handelinge 2:42 dat hulle hul heelhartig toegelê het op die leer van die apostels. Daarom was hulle, in 'n deurmekaar wêreld vol afgode, nie verward nie. Die kern van hulle belydenis was soos volg: "Jesus van Nasaret is gekruisig. Hy is deur God opgewek uit die dood. Hy word as verhoogde Here en beloofde Messias aanbid. Kortliks: God het hierdie Jesus, Here en Christus gemaak."

**D**oen van wonders en tekens
God is bekendgestel deur wonders en tekens en mense is met eerbied, respek en ontsag vir God vervul.

**G**od geprys
Gelowiges het ten midde van hul eie swaarkry, vervolging en uitsluiting, nie gesit en kla hoe sleg dit met hulle en die wêreld gaan nie. Stephan Joubert sê dat ons in die Nuwe Testament geen verwysing kry na gelowiges wat kla nie.

Ons lees in die Handelinge 2:46-47 dat gelowiges vol vreugde was en God geprys het omdat Hy so groot en goed is.

Maar bekering is nie net 'n terugkeer na God nie, dit is ook 'n terugkeer na mekaar. Ons kan die 2 verhoudings nie skei van mekaar nie. Die gemeente staan in 'n lewende verhouding met mekaar.

**C**hristelike byeenkomste
Ons kan dit saamvat deur te sê dat die gemeente saam gekerk, gebid en geëet het.
Hulle het elke dag getrou by die tempel bymekaargekom. Ons lees twee maal dat hulle die gemeenskaplike maaltyd gehou het. Hulle het saam hulle kos met blydskap en alle eenvoud geëet en gesels oor die goeie nuus van Jesus Christus.

**E**ensgesind en **E**envoud
Die Romeinse ryk was 'n suksesvolle ryk. Mense het na groot stede gestroom soos vandag steeds die geval is. In elke groot stad was daar mense van elke volk, taal en nasie. By die uitstort van die Heilige Gees in Handelinge 2:8-10 word 15 verskillende tale en kulture vermeld.

Die gemeente is 'n regte deurmekaarspul van mense. Die potensiaal vir kultuur, rasse en klasse botsings was hoog. Hulle was 'n uiterste uiteenlopende groep mense, maar dit het hulle nie gepla nie.

Hulle was, as God se huisgesin, broers en susters van mekaar, die 1 liggaam van Christus gevul met 1 Heilige Gees. Waar iemand onregverdig hanteer is, is dit met passie aangespreek. Hulle was in liefde aan mekaar verbind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het vrywillig hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

Hulle was **F**amilie wat vir mekaar gesorg het.
In die tydperk tot 300 jaar na Christus het 2 ongelooflike groot epidemies in die Romeinse ryk uitgebreek. Tydens die eerste epidemie is tot ‘n derde van die Romeinse ryk dood. Honderd jaar later was dit weer so. Toe die tweede epidemie op sy ergste was, is 5000 mense per dag in Rome alleen oorlede.
Christene het in hierdie tyd veel beter as enige ander groep oorleef. Hoe het hulle dit reggekry? Want hulle het vir mekaar en ander siekes gesorg. Na elke epidemie het mense in groot getalle by gemeentes ingeskakel, want gemeentes was anders as die wêreld rondom hulle. Hulle het mekaar op die hande gedra.

Ons sien in die laaste plek dat verhoudings in die gemeente uitkring het soos wanneer ‘n klip in die water gegooi word. Die gemeente staan in ‘n lewende verhouding met God, mekaar en ook met die wêreld.

**G**oedgesindheid van die volk geniet en **G**egroei
Die eenvoud en toewyding waarmee hierdie eerste gemeente vir God en mekaar gedien het, het die verbeelding van mense in Jerusalem aangegryp. Hulle het gehou van dit wat hulle sien, daarom het baie mense elke dag by die gemeente aangesluit. Hulle wou daar wees. Die Here het mense gered en by die gemeente gevoeg.

Ons hoef nie nog ‘n vergadering te belê oor die toekoms van die gemeente nie. Ons kan maar net gaan leer uit die Bybel. Die ABC van gemeentewees is nie ingewikkeld nie. Dit is ‘n lewende verhouding met God, met mekaar en met die wêreld. Kom ons wees so ‘n gemeente.
Amen